



1ste kwartaal 2015

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

E-pos: 16 Desember 2014

Dit is die einde van 2014 en so tong in die kies kyk ons na die Nuwe Jaar met drome en dinge wat ons graag sal wil verander – soms is dit sommer verspote dinge ander is ernstig en is dikwels gekoppel met ons lewenstyl / lewensuitkyk

Een droom en nuwe jaar doelwit wat definitief nie in my lewe verander het nie is my roeping na Kambodja. Ek was 12jr oud toe ek die eerste keer ervaar het dat God my in mediese hoedanigheid na die sendingveld roep. Baie jare het verloop voordat die roeping weer bevestig was (Oktober 1990) tydens my verpleegkundige opleiding. Daar was geen twyfel in my hart dat Christus my na Kambodja geroep het nie en deur die jare was my roeping ook deur ander gelowiges bevestig.

Vandat ek hier in Kambodja geland het 16 Januarie 1996 (amper 19jrgelede) het my roeping en liefde vir die Khmer onveranderd gebly. Dit is hier in Kambodja waar ek tuis is, waar die mense groep bly wat ek lief het en wil dien totdat ek ervaar dat God vir my 'sê' dat dit waarvoor Hy my geroep het volbring is.

My eerste kennismaking met sending in Kambodja was by [AOC](#) in 'n mediese hoedanigheid. Ek het in die mediese veld gedien vir [8jr9maande](#) voordat ek ervaar het dat God vir my 'gesê' het dat dit waarvoor hy my geroep het in [AOC](#) volbring was. Wat 'n voorreg was dit nie om te evangeliseer en

selgroepe in die provinsie te begin nie, om in 'n baie baie klein manier deel te kon wees om die mediese veld op provinsiale vlak te kon beïnvloed terwyl die land nog nie op gestaan het na die Pol Pot regime nie. Wat 'n voorreg was dit nie om die land binne te kon kom terwyl dit nog totaal stukkend was en oor jare saam met die Khmer die pad te loop tot waar dit vandag is.

Na AOC het die Here my geseën met die ongelooflike voorreg om betrokke te wees by 'n direkte Bybelse bediening in Veritas (VCI). Tydens my bediening in Veritas kon ek my Teologiese graad studies met Veritas 'verbind' en beide het saam te weeg gebring dat my kennis van God, wie Hy is en Bybelse kennis met rasse skrede toe geneem het. Dit was nie altyd maklik nie maar Veritas was 'n baie spesiale leerskool waarin ek waardevolle ondervinding en insig tov leierskap en ook oor my eie menswees opgedoen het

Dinge wat die afgelope ongeveer 4 maande gebeur het het my laat vra 'Wat nou Here? Wat is U droom vir my?' My bedienings doelwit was van die begin af daarop gefokus om Veritas Kambodja te pioneer en te 'establish', myself so gou as moontlik uit die 'job uit te werk'. Die oorspronklike roeping van 5jaar het 10jaar geword. Ek het besef dat God nooit van my verwag om alles perfek te hê voordat ek oorgee nie, my doelwit was futil omdat dit onmoontlik is en ek was buite God se wil Dit het tyd geword om aan te beweeg. Ek wou wag tot tydens my SA besoek om dit met julle te besprek, dinge het egter anders uitgewerk en ek het bedank – ek gee die bediening aan die einde van April oor aan VCI – Sok is die nuwe leier met die hulp van Vanna en Boret.

Dit was 'n ongelooflike voorreg om saam met elkeen van die manne wat in VNC gewerk het/nog steeds werk die pad te kon loop, te sien hoe elkeen van hulle geestelik gegroei het en om deel te mag gewees het van die impak wat Veritas materiaal in Kambodja maak VNC en die manne sal vir altyd 'n spesiale plek in my hart hê. Daar is baie spesiale mense in VCI wat ook my lewe ge'impak het, mense wat vir altyd in my hart sal wees.

Ek het ongelooflike vrede oor my bedanking by Veritas en is in die proses om deur sekere gebeure te werk om seker te maak dat niks in die pad van die Here se werk in my toekomstige bediening staan nie. Een van die baie foute wat ek in my lewe gemaak het was om direk van een veeleisende bediening na 'n ander veeleisende bediening aan te beweeg sonder 'n breuk tussen die bedienings. Die 3 maande deputasie besoek na SA kom presies op die regte tyd om my soort van 'n breuk te gee van een bediening na die ander

Wat nou?

- My passie vir mediese bediening en vir direkte betrokkenheid met die Khmer het nooit gedurende die 10jr by Veritas verminder nie.

- Ek sien ongelooflik daarna uit en is opgewonde om weer amper voltyds in 'n mediese bediening te wees as skoolverpleegkundige in die '**non-profit NGO' Asian Hope International School**. (Begin amptelik Mei 2015; 4 voldae per week en een halfdag – In Aug sal die skool meer as 300 kinders hê vanaf voorskool – graad 7) (Nie salaris)
- Bediening sluit die kinders, internasionaal en Khmer onderwysers, ander personeel in – maar is meer gefokus op die kinders ... immunisation, beserings, oogtoetse, ouers ondersteun tov kinders met siekte toestande, gesondheids voorligting aan kinders en personeel, maandelikse mediese artikel skryf ens ens...
- Daar is ook sprake dat ek die kinders se ouers by die huise sal besoek en met vriendskap evangelisasie begin
- Ek het ook gevra om 'n Khmer medewerker te kan oplei wat positief ervaar was - om ander te bemagtig om by my oor te neem was nog altyd my fokus vandat ek Kambodja toe gekom het

- **Bamboo Shoot**

- Nog steeds Angdong TaEén (elke 2de Donderdag middag) en Sok se kinder voeding skema (meer finansieel– besoek sy village once in a blue moon)

Julle ek glo met my hele hart ek is binne God se wil – ek is regtig jammer dat al die reëlins nie kon wag totdat ek in SA is nie. Ek sal graag saam met elkeen van julle as gemeente verteenwoordiger (Ds/sending koördineerder/stuurspanne) en idividue sit waneer ek in SA is en vrae beantwoord.

Sommer net dankie vir julle jarelange ondersteuning in gebede en finansies sonder julle sou ek nie 19jaar in Kambodja kon dien nie

Jan 2015 - Alta in Kambodja - Maandelikse opdatering:

Mag die afgelope Kerstyd jou herinner het dat al het ons Sy geboorte herdenk het dat Sy bestemming die kruis was en dat jy en Sy liefde vir jou Sy doelwit was.

Hier by ons is Kerstyd gevul met evangelisasie en uitreik na ongelowiges - mense word na feesvierings uitgenooi en gemeentedele uitgedaag om ongelowiges saam te bring na die Kersdiens om die Goeie Nuus te hoor en saam met gelowiges by die feestafels aan te sit. Dit was die eerste

keer oin jare wat ek nie by my kinders en kleinkinders kon wees tydens Kersfees, dit was 'n tyd gevul met Christus, liefde en feesvierings

SNIPPERS : Afgelope 2 maande

MY KERSDAG

Ek het die dag in Angdong TaÉen deur gebring - ons het sommer net saam met die oumas bietjie fees gevier, saam gedeel oor Christus en gebid.

Dit is kouerig hier by ons en ons het nuwe trui en kouse vir 20 Oumas gekoop en ook bietjie kos uitgedeel. So baie van die oumas is bedlêend, en die tyd het net te vinnig verloop namiddag besoek. Verlede jaar se 2dehandse trui was stukkies ons hoop die nuwes gaan langer hou.

MY OU JAARSDAG (31 Des 2014)

Dit was sommer ons Kersete en afskeidsete vir Saran saam gebondel - dit was sommer baie lekker om almal se manne en vroue saam met ons te hê - ook Vanna se dogtertjie Esther wat glad niks met die foreigner te doen wil hê nie !!!

Ons werkspaaie gaan skei, 2014 behoort aan gister, maar vriendskappe kan al die 'turmoil' en uitdagings wat ons deur gegaan het oorleef - God is groot en Sy genade is oor elkeen van ons uitgestort.

SARAN SE TROUE

Saran se troue is oor en uit. Hy en Theary lyk regtig of hulle smoorverlief is. Saran se gesiggie is stralend en ongelooflik sag. Die troue was nogal heel kleurvol. Bid asb vir Thea sy sukkel ook net soos Saran gesukkel het om nie onder haar ma se vereistes te buig om in 'n huwelik te tree wat nie haar keuse is nie.

Ons het die namiddag se party bygewoon, 2 ure lank met 'n Tuk Tuk gery om by die village uit te kom. en ons self kaduks ge-eet! Ek kon nie by bly met al die etery nie.

Bid saam met my vir Saran vir nuwe werk - sy besigheidjie doen nie goed nie omdat dit winter hier is. Loof saam met my vir baie naby vriende wat die afgelope paar maande fondse aan hom gestuur het.

E-pos: 5 Januarie 2015

Liewe Vriende

Nou is ek hier in Suid Afrika en verwonder my aan die ongelooflike georganiseerde verkeer en die gehoorsaamheid aan verkeers personeel. Ek het ook darem nog net eenkeer aan die verkeerde kant van die pad gery - Marlene jou kartretjie is veilig dit was met Heinrich hulle se kar :-). Elke jaar wat ek SA toe kom is daar iets nuuts wat vir my so bietjie reverse culture shock gee - die jaar is dit julle snelweë - net die idee om daarop te ry maak my letterlik vrees bevange. Ek wou ook die eerste dag nadat ek in SA geland het dat my dogter Anilo op 'n pad wat toegemaak was met julle oranje cones in 'n baie nou paadjie met mure weerskante kies watter kant van die cones sy moet verby ry ... nou ja my brein was nog op my motorfiets wat ek 2 dae tevore gery het en ons unieke verkeersreëls.

Die briefie is nie regtig gesels briefie nie - my verniet wi-fi konneksies is beperk. Ek wil sommer net vir jou die breë riglyne van my besoek deur gee en ook my selfoon nommer - omdat my bediening besig is om te verander wil ek graag met soveel moontlik van julle kuier en gesels - ek begeer dat julle verder saam met my sal loop soos baie van julle wat al 19jr betrokke is by my bediening in Kambodja.

Ek gaan tog so klein bietjie nuus deur gee

Khmer vriende bederf my

Ek het so baie uit ge-eet in die paar dae voor ek SA toe vertrek het - die laaste uit eet was die Donderdag voor ek SA toe vertrek het. 'n Lekker bederf van baie naby Khmer vriende.

Saran

Vanoggend was ek sommer in trane terwyl ek gebid en God geloof het oor Saran en wie hy is. Ek het gisteraand die boodskap van hom ontvang nadat hy werk by Ywam gekry het *"the job in the position of office assistant I think it is a good opportunity for me to work in Christian Organization because I can participate in evangelize even it is indirect. So I already agreed with this job and I will start working on Monday next week "* Ek glo dat God groot planne vir hom het, dat hy 'n Christen leier sal word.

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

Nuusbrief Desember 2014

Na 'n gematigde herfseisoen, lyk dit of die koue nou by ons uitgekom het.

Eerskomende naweek het ons ons Kersvierings by die kerk: Saterdagmiddag gaan ons by die plaaslike ouetehuis sing en Sondag het ons na die erediens, ons Kersete, verskeie toneelopvoerings en liedere deur die kinders en jongmense. Om 18h00 het ons 'n Kerskonsert aangebied deur 'n plaaslike sangroepie. Ons wou in die stadsentrum saam met hulle kersliedere gaan sing het, maar die stadsraad het nie toestemming verleen nie (agv sekere regulasies en veiligheidsmaatreëls...). 'n Gospelkonsert wat ons tydens ons gemeente se verjaarsdagfeesvierings (in Meimaand) in 'n groot saal wou hou, is ook deur die stadsraad geweier. Dit lyk vir ons of daar sekere "geeste" in die lug is wat wil verhoed dat ons na buite beweeg – al is dit selfs om net te sing. Bid asseblief hiervoor.

Ons kerkdenominasie is besig om sy strukture te verander en te vereenvoudig (om makliker en vinniger besluite te neem, minder kommissies en minder persone op die kommissies te hê).

Bid asb vir die Haasgesin: die vrou het so 5jaar gelede tot bekering gekom. Haar man was vir ongeveer 40jr (vanaf 8jr oud – Satan was sy vriend gewees) met satanisme deur mekaar (sy ouers ook). Die afgelope paar jaar was die dinge 'n bietjie kalmer en het hy opgehou daarmee, maar die afgelope 2 maande is daar allerhande "snaakse" goed wat in en om hulle huis gebeur.

Met ons as gesin gaan dit goed, maar besig ! Ons het toe besluit om ons oudste dogter uit die skool te haal en home schooling te doen. My skoonma doen dit en Claire bly daan by hulle (70km van ons af). Ons gaan haal haar Dinsdagaand en vat haar Woensdagaand terug. Dan gaan haal ons haar weer Vrydagaand en vat haar Sondagaand terug. Ons gaan waarskynlik ook die ander kinders volgende jaar (septembermaand) uit die skool en hulle in 'n publieke skool sit (tans is hulle in privaat katolieke skool). Dit is nie sonder bekommernis nie, want die plaaslike publieke skole is nie so fantasties nie en word deur 'n groot persentasie van die moslembevolking bygewoon, wat redelik agressief is. Bid asseblief hiervoor.

MOSAMBIEKSENDING

SLUITING VAN GURUE RADIOBEDIENING / HERVAT VAN ONDERSTEUNING AAN ALLEN EN ANSIE VAN DER MERWE

Geagte Broer/Suster

'n Brief is deur my (Ds Leon Tait) vanaf Blackie Swart ontvang (lees hieronder uittreksels daaruit) wat die SendingTaakspan genoop het om weer te besin oor ons betrokkenheid by Mosambiek. Op 'n vergadering (15 Januarie 2015) is toe besluit om ons vroeë ondersteuning

aan Allen en Ansie van der Merwe te hervat, sodat ons op hierdie wyse steeds kan voortgaan om sendingwerk in Mosambiek te ondersteun.

“Sluiting van die Gurue Radiobediening. Die motivering vir hierdie besluit is kortliks as volg:

- 1) Ten spyte van ons pogings sedert Maart 2013, om ‘n verantwoordlike persoon te kry om die bediening in Gurue te bestuur, het die Here nie een voorsien nie. In Okt 2013 en April 2014 is Gurue besoek en was dit by beide geleenthede duidelik dat die bediening ‘n verantwoordlike persoon benodig;
- 2) Ds Anthonie Welmann is die enigste persoon wat in Portugees kan kommunikeer per telefoon wat die lyn van kommunikasie baie bemoeilik en tot gevolg het dat nuus vanaf Gurue nie gereidelik beskikbaar is vir verspreiding nie.
- 3) Anthonie het ook nie tot die oortuiging gekom dat die Here hom weer in Gurue wil gebruik nie.

Anthonie beplan dus om vanaf die 1ste tot die 15de Desember Gurue te besoek om die bediening daar formeel te sluit. Aangesien ons ‘n assosiaat-lid is van United Christian Broadcasters Africa (UCB-Africa) waarvan Dr Roelf Petersen (Radio Kansel) die Hoofuitvoerende Beampte is, is hy ook reeds sodanig in kennis gestel.

Wat die radiotoerusting aanbetref, is ons eens dat die toerusting beskikbaar gestel moet word vir ‘n soortgelyke projek wat onder die toesig van UCB-Africa funksioneer. So sal die werk dan voortgesit word onder ‘n ander bevolkingsgroep(e) met die hulp van ‘n eie ondersteuningsbasis. Geen verdere finansiële bydraes word dus meer benodig nie.

Intussen wil ek net namens die Gurue Radiobedieningspan (Anthonie Welman, Karel Verhoef en myself) ons hartlike dank en waardering vir jul gehoorsaamheid oordra aan jouself, sendingkommissie, Ena le Grange, kerkraad en die gemeente. Ons glo en vertrou dat waar daar nou ‘n deur toegaan ons Vader ook weer ‘n deur sal oopmaak.

Nuus vanaf Allen & Ansie van der Merwe:

Nuusbrief Oktober 2014

ONS GROET AL ONS VRIENDE IN DIE NAAM VAN ONS HERE, JESUS CHRISTUS:

Dankie aan almal wat ons nuus lees, saam met ons bid en ondersteuning gee vir die werk hier.

Alles in Mosambiek is tans in 'n voetesleep pas met die landswye verkiesing hier, en ons vra dat julle saam met ons sal bid dat dit vreedsaam en rustig sal verloop.

Daar is sopas begin met die dissipelskap uitsending op die plaaslike radio stasie in Xai Xai, ook is daar nou 'n nuwe stasie wat by ons wil hande vat in die Coesico distrik . Allen, ek en Michaq gaan binnekort daar in Coesico by die stasie besoek afle om te kyk na opsies om ook die dissipelskap opleiding daar te laat uitsaai.

Die dissipelmakers program is steeds aan die gang en die outjies is aan die einde van die berg predikasie en begin binnekort met die voorskrifte van Christus. Maar eers is dit vir die oomblik op die ys as gevolg van die verkiesing in die land wat op 15 Oktober plaasvind.

Ons sturende gemeente was op 'n uitreik hier by ons met die belydenisklas kinders, en dit was 'n heerlike ervaring om so saam met die jeug te werk. Hulle het dit baie geniet en ook was daar van die kinders wat lewens veranderende ervaring deur gemaak het.

Hulle het ook hand bygesit om die naaldwerk klassie te verf en ook kan ons nou 'n deur en venster laat insit. Dankie vir die donasie daarvoor.

Ons besoek saam met die uitreikspan aan die kindershuis was ook heerlik, daar is gevef en gespeel en ook speelgoed uitgedeel. Ons kon ook aan een kindjie 'n rolstoel gee en aan 'n ander een 'n stootkarretjie, daar is egter nog een serebraal verlamde kindjie wat 'n stoot karretjie nodig het.

Pastor Sameul by Binjeni is amper blind, bid asseblief saam ons dat die Here sy oë wonderbaarlik sal herstel. Daar is soveel potensiaal in hom en daar is nog soveel wat hy vir sy gemeenskap kan beteken. Hy kan nie 100m voor hom sien nie.

Die Here is ons baie genadig en nie ek of Allen is enigsins siek nie. Ons het ook intussen verhuis na 'n ander kleiner huis op dieselfde perseel waar ons woon.

Ons verblyf permitte is steeds nog nie uitgesorteer nie en ons wag nog vir ons Polisie klaring uit SA, daarna kan ons weer die proses aan die gang kry hierdie kant.

Bid asseblief saam met ons:

Dat die mense in dissipelskapklasse geestelik sal groei.

Vir beskerming teen enige aanvalle van die bose.

Steeds vir die Radio projek.

Dank die Here saam met ons vir:

Vir ons gesondheid.

Vir die voorreg om hier te mag bly en werk.

Nuusbrief: Desember 2014

ONS GROET JOU IN DIE NAAM VAN ONS HERE, JESUS.

Dit is vir ons baie sleg om met jou te deel dat Radio bediening in Gurue nou finaal sluit. Ons het soveel jare se werk daarin gesit, maar ons weet ook dat die outjies wat die opnames gedoen het baie durf het en op hulle eie sal aangaan met uitsendings. Die een outjie Elvis het reeds op Saterdag 'n uitsending van sy eie gehad toe ons daar begin het, en ons bid dat die Here vir hulle die regte deure daar sal oopmaak.

Hier in Xai Xai gaan dit goed met ons nuwe radio projek. Ons het elke Woensdag en Saterdag uitsendings en is baie opgewonde. Die terugvoer is baie goed, alhoewel ons nog in die begin en groei fase van die projek is. Radio Xai Xai het aangebied dat ons programmeerders hulle opname in die studio by die radio stasie met hulle rekenaars kan doen. So het die Here ook vir ons voorsien, want ons het slegs een ou Dell rekenaar waarmee ons geweldig sukkel. Drie van die programmeerders wat ook Pastore is, het gevra vir 'n inkomste omdat hulle geen ander inkomste kry nie en baie arm kerkies het. Ons het besluit op 'n maandlikse betaling aan elkeen van R450. Bid ook saam met ons vir die nodige inkomste daarvoor.

Met Desember op ons hande is daar geen Dissipelskap klasse nie en sal ons weer in die nuwe jaar daarmee begin. Van volgende jaar gaan ons slegs vier studente per klas hanteer en 'n dissipelmakers kursus aanbied. Sodoende gaan Allen meer intens kan aandag gee aan elke persoon. Ons klasse is tans te groot en kan ons nie individuele aandag gee nie. Bid saam met ons dat ons op die manier vinniger mense sal kan leer om ander ook te dissipel.

Daar is 'n groepie mense in Massia sowat 40km van ons af wat by ons gemeente kom aanklop het, hulle het gevra of ons 'n NG kerk in Massia sal kom stig. Ons het op die kerkraad besluit dat ons voorloopig Sondag daar by hulle sal gaan dienste hou en eers kyk of daar enige groei plaasvind in die omgewing en in die groep, waarna ons dan 'n gemeente sal oorweeg. Bid saam met ons dat die Here daar vir ons die regte leiding sal gee.

Ons het uiteindelik ons visas gekry en kan nou weer in Mosambiek aansoek doen vir ons nuwe verblyf permitte. Ons is baie dankbaar daarvoor, ons hoef nie meer elke maand uit te ry SA toe nie. Die baie ry is ook nie goed op ons bakkie nie, ons begin al hoe meer klein probleempies op die bakkie kry wat ons laat besluit het om ook nou te begin bid vir 'n nuwe voertuig, ons bakkie het al by die 400 000 kilometers op. Bid ook saam met ons hieroor.

Allen het intussen Malaria gehad, maar is weer heelwat beter. Dankie dat julle steeds bid vir ons gesondheid, dit maak verseker 'n verskil.

Ons kan voel hoe die Here ons daaglik dra deur jou gebede, moet asseblief nie ophou bid nie.

Ons volgende nuusbrieff sal eers middel Februarie 2015 uitgestuur word.

'n Wonderlike feestyd vir jou en jou gesin, mag julle 'n voorspoedige Geesvervulde 2015 he.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.

Bly asseblief aanhou bid vir nog geleenthede by gemeentes vir die res van die jaar.

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:

Ons wil al die SSG Borge van harte bedank vir die mildelike bydrae wat Sending Sonder Grense ontvang.

Sending Sonder Grense, **met die hulp van mense wat dit finansieel moontlik maak**, bring blydskap en vreugde aan behoeftige gesinne deur projekte soos Operasie Kersliefde (OKL) en Operasie Winterredding.

Die Dedej familie, wat in 'n baie klein huis in Albanië woon, was in Desember een van die families wat deur hierdie projekte in staat gestel was om iets van die gees van Kersfees te ervaar.

Die Kersseisoen is veronderstel om 'n tyd van feesviering te wees, maar dit is gewoonlik nie vir die Dedej-gesin beskore nie. Die ouers, Durim en Marjana, is finansieel nie in staat om selfs die eenvoudigste Kersfeesversierings vir hul huis of die goedkoopste kos vir 'n Kersete aan te koop nie.

"Dit is moeilik om 'n huis soos hierdie (wat eintlik uitmekaarval) te onderhou en om in sulke arm toestande te leef," sê Durim. "Wanneer dit reën, lek die dak van ons huis. Dit is 'n ou gebou. Dit behoort nie aan ons nie; ons betaal huur aan die staat".

Marjana, die moeder, vertel: "My kinders het baie hartseer gevoel toe hulle sien hoe ander families en van hul vriende se ouers hulle huise versier en die nodige koop vir 'n Kersete".

Marjana gaan voort: "Ek probeer om die kinders te ondersteun en hulle te help. Dit voel asof ons hoop verloor het. Ons leef vir ons kinders en probeer om soveel moontlik voorsiening te maak vir hulle. Ons het al amper vergeet hoe om te lag, of wat dit beteken om gelukkig te wees.

Gelukkig ervaar ons spesiale oomblikke wanneer Sending Sonder Grense se koördineerders ons besoek en vir ons hoop en troos bring, asook kos en ander hulp.

Ons het groot vreugde ervaar toe hulle vir ons die Operasie Kersliefde-pakkies gebring het. Daar was somer vreugde en geluk asook 'n feestelike atmosfeer in ons huis.

Ons het ons arms om die pakkies geslaan en dit 'n drukkie gegee en dit het gevoel asof ons vir 'n slag 'hoop' omhels. Die meel, pasta, rys, koekies, olie en ander dinge beteken so baie vir ons!

Bora, ons jongste, is baie bly en vertel nou met trots aan haar vriende van die Kersgeskenke wat God vir ons gegee het en dat sy ook Kersfees soos al die ander kon vier.

Ons is almal bly en dankbaar vir die pakkies wat ons hoop versterk het en vir die mense van Sending Sonder Grense wat vir ons tydens Kersfees omgee het. Dankie uit die diepte van my hart vir hierdie wonderlike geskenke. Dit was 'n baie gelukkige oomblik vir ons en mag God jou sien vir dit wat jy vir ons familie gedoen het! "

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan